# Hongersnood in Brittanje (soort van)

Joylene van Wyk

Londen. – Die Britte se voorliefde vir gemorskos het daartoe gelei dat miljoene nou aan wanvoeding ly met baie wat simptome toon wat gewoonlik met hongersnood in Derdewêreldlande verbind word.

Kenners waarsku dat meer as drie miljoen mense aan wanvoeding ly. Die getal mense by wie dit die afgelope vyf jaar in hospitale gediagnoseer is, het met 44% toegeneem met byna 4 000 gevalle wat verlede jaar gediagnoseer is.

Die langdurige gebrek aan elke moontlike voedselsoort wat tot marasmus (uittering van die liggaam) lei en wat 'n bekende gesig in Afrika geword het, is hier in anoreksiese vroue gekry.

Die meerderheid mense het 'n groot tekort aan vitamiene en die voedingstowwe wat nodig is vir die liggaam om behoorlik te funksioneer.

Wanvoeding kan dodelik wees en in ligter gevalle hiervan kan slaperigheid voorkom en mense se hare kan uitval.

Dit kos die nasionale gesondheidsdiens nou meer as £7,3 miljoen (meer as R100 miljoen) per jaar om dit te behandel, dubbel soveel as wat hy aan obesiteit bestee.

Die Verenigde Nasies het verlede jaar gesê dat 850 miljoen mense ter wêreld ondervoed is, onder wie 400 miljoen kinders.

'n Tekort aan kos is egter nie die probleem hier in Brittanje nie.

Gemorskos en ongereelde maaltye kry hier die skuld vir die toestand waaraan so baie Britte ly.

Dr. Alistair McKinlay, 'n kenner van wanvoeding van die Aberdeen-universiteit, sê al is jy jonk en gesond kan jy steeds ondervoed wees.

Die TV-sjef Jamie Oliver wat al mnr. Tony Blair, Britse premier, gaan spreek het omdat hy dit as immoreel beskou dat leerlinge se skool-etes uit hamburgers en slaptjips bestaan, sê ouers is nie bewus hoeveel gemorskos hul kinders eet en drink nie.